KONTROVERSIE OOR POPULêRE PLANTNAME

INLEIDING

Gesprekke oor plantsoorte of om iemand van ‘n spesifieke plantsoort te vertel, begin gewoonlik met die plantsoort se naam. Mense is goed om name uit te dink en toe te ken. Maar dit gebeur redelik maklik dat mense in hul gesprekke oor plantname van mekaar kan verskil. Hier word dan spesifiek die populêre (volks-/streeks-/algemene) name bedoel. Oor die wetenskaplike name behoort daar geen of min probleme te wees nie omdat elke plantsoort net een korrekte en amptelik aanvaarde gepubliseerde naam het.

Die ontstaan van populêre plantname in die algemeen en boomname in die besonder, is baie interessant. Om die oorsprong van so ‘n naam na sy oorsprong terug te voer, kan soms moeilik of onmoontlik wees. Maar die meeste sodanige name het gewoonlik ‘n streeks-oorsprong. Daarom gebeur dit maklik dat ‘n spesifieke boom verskillende populêre name in verskillende streke kan hê, en sal gebruikers van die verskillende name mekaar maklik misverstaan of dalk hewig van mekaar sal verskil.

Dit het dan ook onlangs so gebeur met ‘n navraag oor die name *KIAAT* en *TEAK*. Is hulle net Afrikaanse en Engelse ekwivalente van mekaar, of verwys hulle na verskillende boomsoorte?

Geheues is gewoonlik minder betroubaar as die inligting wat in publikasies opgeteken staan. Daarom is dit altyd die beste om eerste in gepubliseerde artikels en ander betroubare bronne oor ‘n bepaalde onderwerp na te slaan. Dit was dan ook die *modus operandus* vir hierdie navraag.

TEAK

Die naam **teak** is in 1698 vir die eerste keer in Engels opgeteken na aanleiding van **teca** (Portugees) en **tẽkka** (Maleisies) as algemene name vir *Tectona grandis* (familie Verbenaceae/Lamiaceae), ‘n Oos-Indiese boomsoort[1]. Die algemene name het vinniger inslag gevind as die wetenskaplke naam vanweë die populariteit van die ingevoerde hout vir die bou van bote en spoorwegwaens. Die hout het toe algemeen as **Indian Teak** bekend gestaan.

Die naam **teak** is uitgebrei en ook vir ander houtsoorte gebruik wat sterk en duursaam was en wat baie met Indian Teak ooreengestem het. Voorbeelde

hiervan is **African Teak** (*Oldfieldia africana* van die familie Euphorbiaceae) en **Teak of New Zealand** (*Vitex littoralis* van die familie Vitaceae).

Ander en meer resente gebruike van die naam Teak kom tans ook voor. Een van die verduidelikings daarvoor is: **Like many other popular imports, teak has several impostors. Its name is used to sell a number of other species such as 'Brazilian Teak' (Cumaru) and 'African Teak' (Afrormosia, Iroko, Padauk). Genuine teak, also called Burma Teak, consists of only one species: *Tectona grandis*[2],[3].**

In die houthandel is die volgende houtsoorte bekend waaraan die algemene naam TEAK ook verbind word:

Borneo Teak (*Dryobalanops aromatica*)

Rhodesian Teak (*Baikiaea plurijuga*)

Rangoon Teak (*Tectona grandis*)[4]

KIAAT

In die vroegste Suid-Afrikaanse literatuur word verwys na **kajaat, kejaat, kihaat, kihatie, kijaat en koejaat**[5]. Hierdie populêre name was almal bedoel vir die hout van *Tectona grandis* wat vanaf Oos-Indiese lande soos Malakka, Malabar, Birma, Sumatra en Java ingevoer is en het mettertyd, onder Nederlandse invloed, almal na **Kiaat** verander. So is daar na Oosterse (Indiese), Birmaanse en Javaanse kiaat verwys, bedoelende *Tectona grandis*.

"*Aangesien die hout van* Tectona grandis *so waardevol is, verkies sommige om, ter voorkoming van moontlike verwarring, die Engelse benaming TEAK vir daardie boomsoorte te gebruik, en die benaming Kiaat te beperk tot die plaaslike soorte wat so bekend staan*." [6]

"*Die benaming* [Kiaat] *word gebruik vir verskillende ander boomsoorte, veral sommige inheemse Afrikaanse bome, samevattend dikwels **Afrikaanse kiaat** genoem, wat ooreenkomste betreffende voorkoms, groeiwyse, aard en gebruik van die hout met die Oosterse Teak vertoon*." [7]

Volgens Van Wyk *et al*. (2011)[8] is daar tans slegs twee genusse met vyf spesies en drie subspesies in Suidelike Afrika waarvoor die algemene name

kiaat (Afrikaans) en **teak** (Engels) in hul algemene benamings voorkom. Hulle is *Baikiaea plurijuga, Pterocarpus angolensis, Pterocarpus brenanii, Pterocarpus lucens* en *Pterocarpus rotundifolius* met drie subspesies. Die algemene/populêre name word soos volg saamgevat:

Baikiaea plurijuga (Caesalpiniaceae)

Afrikaans: Zambezikiaat

Engels: Zambezi-teak, African teak, Gusi, Rhodesian-chestnut, Rhodesian-teak, Zambezi-redwood, Zimbabwe-teak.

Pterocarpus angolensis (Fabaceae)

Afrikaans: Kiaat, Bloedhout, Dolf, Dolfhout, Kajatenhout, Lakhout, Wildekiaat, Greinhout.

Engels: Bloodwood (Zimbabwe), Kiaat (South Africa), Mukwa (Namibia & Zimbabwe), African Teak, Kiaat Bloodwood, Paddlewood, Pricklypod-bloodwood, Rhodesian Teak, Sealing-wax Tree, Transvaal Teak & Wild-teak.

Pterocarpus brenanii (Fabaceae)

Afrikaans: Grootblaarbloedhout, Valskiaat.

Engels: Eared bloodwood, Large-leaved bloodwood.

Pterocarpus lucens (Fabaceae)

Afrikaans: Doringkiaat (Namibië), Kleinblaarkiaat (S.A.)

Engels: Small-leaved bloodwood, Thorny teak, Small-leaved kiaat.

Pterocarpus rotundifolius (Fabaceae)

Afrikaans: Dopperkiaat, Dop-ertjie kiaat, Rondeblaarkiaat.

Engels: Round-leaved bloodwood (S.A. & Zim), Round-leaved teak (Namibia), Round-leaved kiaat, White mukwa.

GEVOLGTREKKING

Uit die gegewens wat hier bo uiteengesit is, blyk twee sake duidelik. Die eerste is dat daar 'n groot variasie is in die algemene name vir die groep bome wat hier bespreek word. Die tweede saak wat vasstaan, is dat daar geen reëls is vir of beperkings op die populêre name wat gegee en gebruik word nie. Daar is dus geen "amptelike" of "korrekte" populêre name nie. Sover dit die algemene/populêre/volksname betref, kan elkeen 'n naam kies en gebruik, sonder om verkeerd geag te mag word. Vir die wetenskaplike name is daar egter bepaalde reëls vir die toekenning van name en 'n gepubliseerde lys "amptelike" name wat van tyd tot tyd opgedateer word.

Om dus te wil vra wat die algemene naam van 'n boomsoort bv. *Pterocarpus angolensis* is, gaan die antwoord afhang van watter "kenner" gevra word. 'n Afrikaanssprekende sal sê dis 'n Kiaat. 'n Engelssprekende sal dalk sê dis Transvaal-teak. 'n Namibiër mag antwoord dat dit Dolfhout is en 'n Zimbabwêr dat dit Mukwa is. Hulle verwys almal na dieselfde boomsoort, maar gee verskillende name wat uit hul omgewing se benamings en oorlewering deur gebruikers van 'n bepaalde naam afkomstig is.

Daar behoort geen beswaar te wees indien mens sou besluit om bv. na die "egte/oorspronklike" houtsoorte uit Oos-Asië as Teak te verwys en na dié soorte uit Afrika as Kiaat nie. L.W. Kiaat is nie 'n Afrikaanse naam nie, maar 'n Nederlandse verbuiging van **Kajoe djati** wat "die ware hout" in Oos-Indië beteken, en natuurlik na *Tectona grandis* verwys.

Gaan tik gerus TEAK op Google in en lees op oor die 13 soorte Teak waarna daar verwys word. Daar word ook gemeld dat Burmese Teak die "egte" teak is. Verder het ek **Teak Oil** ook op Google nageslaan en die volgende veduideliking gekry:

"*Commercial teak oil is actually a mixture of linseed or tung oils with some varnish and thinners, called* ***teak oil*** *because it is intended for use on teak wood, not because it is actually extracted from teak trees*." Soveel dus vir algemene name!

Lou Coetzer

---

[1] The Shorter Oxford English Dictionary on Historical Principles. W. Little, H.W. Fowler & J. Coulson. 1965
[2] WOOD SPECIES SERIES, Rob Wilkey
[3] IDENTIFYING WOOD, R. Bruce Hoadley, 1990.
[4] WOODSEARCH, Dave Bilger, B&B Rare Woods. www.wood-veneers.com
[5] WOORDEBOEK van die AFRIKAANSE TAAL, Deel 5, Staatsdrukker, 1968
[6] WOORDEBOEK van die AFRIKAANSE TAAL, Deel 5, Staatsdrukker, 1968
[7] WOORDEBOEK van die AFRIKAANSE TAAL, Deel 5, Staatsdrukker, 1968
[8] Dictionary of names for Southern African trees. Van Wyk, A.E. *et al*. 2011, BRIZA